BELANGRIK

Resultate van 'n kultivarproef by 'n enkele lokaliteit in enige jaar, of selfs 'n beperkte aantal lokaliteite in 'n enkele jaar, kan as gevolg van die kenmerkende seisoenale variasie in die RSA hoogs misleidend wees en kan sodoende onregverdiglik teen die beste genotypes vir daardie omgewing diskrimineer. **'N ERNSTIGE BEROEP WORD OP ALLE BETROKKENES GEDOEN OM NIE HUL GENOTIPEADVIES OP SO 'N HOOGS ONBETROUBARE METODE TE BASEER NIE.** Produsente word veral versoek om nougeset daarteen te waak dat hulle nie ook foutiewe genotipe uitsprake op dieselfde wyse doen nie, of op hierdie wyse mislei word nie.

Resultate van hierdie nasionale kultivarproewe, wat deur die LNR- Instituut vir Graangewasse uitgevoer is en gepubliseer word, geskied in belang van produsente, adviesdienste en die teeltbedryf. Die resultate mag derhalwe vryelik gebruik word, mits dit wetenskaplik korrek gedoen word deur die totale spektrum van lokaliteite en waarnemings in berekening te bring. Vrye gebruik van die resultate word ook met 'n verdere voorwaarde toegelaat, naamlik dat die nodige erkenning aan die bron van die inligting verleen word.

LNR-Instituut vir Graangewasse

Privaatsak X1251

POTCHEFSTROOM

2520

DANKBETUIGINGS

Die sukses van hierdie navorsingsprojek is toe te skryf aan die goeie samewerking en medewerking tussen die private en openbare sektore asook boere by wie genotypeproewe geplant is. Die verantwoordelike navorsers betuig hiermee hul grootste waardering vir die besondere samewerking en ondersteuning wat hulle van al die betrokkenes ontvang het.

Medewerkende Instansies

Medewerkers vir die 2009/2010 proefreeks word in Tabel 2 aangedui. **Hul getroue ondersteuning en uitstekende samewerking verdien vermelding en word erken.**

Saadfirmas

Agricol Saad (Edms) Bpk

Capstone Seeds South Africa (Edms) Bpk

Link Saad (Edms) Bpk

K_2 Agri

Monsanto SA (Edms) Bpk

National Seeds (Edms) Bpk

Pannar Saad (Edms) Bpk

Pioneer Hi-Bred RSA (Edms) Bpk

LNR - Navorsingsinstituut vir Graangewasse

Hierdie verslag se samestelling, voorbereiding en vermeerdering het bydraes deur verskeie kollegas en beamptes geverg. Spesiale vermelding moet egter gemaak word aan Mnr. D De V Bruwer vir sy beplanning en bestuur van die proewe.

Dank gaan aan die Limpopo Provinsie se Departement van Landbou, Grond en Omgewing vir die hantering van die proef op Warmbad.

Die LNR-IGG wil hiermee ook sy dank uitspreek teenoor die Mielietrust vir hul finansiële ondersteuning wat die uitvoering van die proewe moontlik gemaak het.

IMPORTANT

Due to typical seasonal variations in the RSA, results of a Cultivar trial at a single locality in any year, or even at a limited amount of localities in a single year can be highly misleading and can discriminate unfairly against genotypes which may in reality be the best for certain areas. **ALL THOSE INVOLVED, ARE STRONGLY URGED NOT TO BASE THEIR GENOTYPE RECOMMENDATIONS ON A HIGHLY UNRELIABLE METHOD SUCH AS THIS.** Producers, especially, are requested to guard against letting themselves be misled in this way and against making incorrect genotype judgements.

The Institute in the interest of producers, advisory services and the breeding industry publishes results of these national Cultivar trials, carried out by the ARC - Grain Crops Institute. These results may thus be freely used, as long as they are used in a scientifically correct manner, incorporating the whole spectrum of localities and observations. The source of the information should also be awarded the necessary recognition when using these results.

ARC-Grain Crops Institute

Private Bag X1251

POTCHEFSTROOM

2520

ACKNOWLEDGEMENTS

The success of this research project is a result of the good co-operation between the private, co-operative, and public sectors as well as farmers on whose farms cultivar trials were planted. The researchers wish to express their utmost appreciation for the exceptional co-operation and support received from all those involved.

Co-workers

The 2009/2010 trial series co-workers are listed in Table 2. **Their loyal support and excellent co-operation deserves mentioning and is acknowledged.**

Seed Companies

Agricol Seed (Pty) Ltd

Capstone Seeds South Africa (Pty) Ltd

K_2 Agri

Link Seed (Pty) Ltd

Monsanto SA (Pty) Ltd

National Seeds (Pty) Ltd

Pannar Seed (Pty) Ltd

Pioneer Hi-Bred RSA (Pty) Ltd

ARC - Grain Crops Institute

The compilation of this report was made possible by the efforts of many colleagues and officials. A special thanks goes to Mr D De V Bruwer for his planning and management of the trials.

Our thanks go to the Limpopo Province Department of Agriculture, Land and Environment for conducting the trial at Warmbad.

The ARC-GCI would like to thank the Maize Trust for their financial support that made these trials possible.

INHOUDSOPGAWE / CONTENTS

EENJARIGE TABELLE / ONE YEAR TABLES

MEERJARIGE TABELLE / MULTI SEASON TABLES

FIGURE/FIGURES

INLEIDING

Eenjarige resultate van 2009/2010 seisoen en meerjarige resultate vir, 2007/2008, 2008/09 en 2009/2010 van die Nasionale Kultivarproewe met kommersieel beskikbare mieliegenotipes is in hierdie verslag saamgevat. Kommersiële kultivars word jaarliks vir hul aanpassingsvermoë in 'n wye reeks potensiaaltoestande in hierdie proewe geëvalueer. Inskrywings vir hierdie proefreeks bestaan uit gewilde genotipes sowel as ander nuwer kommersiële genotipes wat volgens verwagting ook gewild by produsente sal word.

Hierdie resultate is `n aanduidend van genotipeprestasie onder spesifieke omgewingstoestande wat gedurende die groeiseisoen voorgekom het. Meerjarige resultate wat vanuit hierdie proewe saamgevat word, is meer betroubaar as eenjarige resultate en is by uitstek vir die doel van genotipe aanbevelings geskik.

NAVORSINGSPROSEDURE

Standaard en wetenskaplik aanvaarde prosedures is vir die uitvoering van die navorsingsprogram voorgeskryf. Medewerkers is 'n vrye keuse gelaat om die beste verbouingspraktyke in hul omgewing vir die proewe te gebruik ten einde graanopbrengs sover moontlik te kan optimaliseer en om verskillende potensiaaltoestande te skep.

Proefontwerp

'n Gerandomiseerde blokontwerp met drie herhalings is deurgaans gebruik om die 50 genotipeinskrywing te akkommodeer. Elke proeflokaliteit is 'n eie proefrandomisasie toegeken wat ook van jaar tot jaar verskil.

Genotipe inskrywings

Dieselfde 50 genotipes het in elkeen van die proewe voorgekom en het bestaan uit inskrywings deur die betrokke saadfirmas gedoen. Inskrywings deur firmas geskied in orde van prioriteit en indien te veel inskrywings ontvang is, is die inskrywingslys deur onderhandeling met elkeen van die saadfirmas gefinaliseer.

Perseelgrootte en spasiëring

'n Standaard van 40 plante per netto perseel is deurgaans voorgeskryf terwyl 'n vrye keuse ten opsigte van plantpopulasies (plante/ha), rywydtes en spasiëring binne die plantry toegelaat is. 'n Plantestand van 22 plante in elk van twee plantrye per bruto perseel is vir rywydtes minder as 1.5 m en 'n plantestand van 42 plante in 'n enkele plantry per bruto perseel vir rywydtes van 1.5 m en wyer aanbeveel. Geen kantrye is tussen persele benodig nie en slegs kantrye rondom die proef is voorgeskryf. Een grensplant op elke punt van elke plantry moes verwyder word voor oestyd.

Grond en bemesting

Grondsoorte wat algemeen vir mielieproduksie in die betrokke omgewings geskik is, is waar moontlik uitgesoek. Verskille in produksiepotensiaal is ook benut deur spesifieke grondtoestande vir spesifieke proefdoeleindes uit te kies. Bemesting geskied hoofsaaklik volgens grondvrugbaarheid asook die potensiaal vir mielies in die betrokke omgewings en is derhalwe nie voorgeskryf nie.

Planttyd

Die aangewese planttyd vir suksesvolle mielieproduksie in die betrokke omgewings is as planttyd aanbeveel.

Plant- en oesmetodes

Proewe is meganies of met die hand geplant (twee of meer pitte per plantgat) en uitgedun sodra die saailinge sterk genoeg was. Proewe is met die hand of meganies geoes. Al drie herhalings van die proewe moes deurgaans geoes word en die totale.

Plaagbeheer

Doeltreffende plaagbeheer (onkruide en insekte) is noodsaaklik en die gebruik van onkruiddoders en insekmiddels is vryelik toegelaat. Die gebruik van grondsistemiese-insekdoders is ook toegelaat. Die gebruik van plaagmiddels moet gerapporteer word.

Siektes

Medewerkers word elke jaar versoek om die voorkoms van enige siektes onmiddellik te rapporteer sodat die nodige opvolging en data-insameling kon geskied. Natuurlike besmetting moes egter straf genoeg wees om genotipereaksie te kon rapporteer. ‘n Besmetting van meer as 10.0% word as riglyn gebruik.

Waarnemings

Die volgende inligting en waarnemings word jaarliks aangevra:

1. Hoeveelheid bemesting, tyd en metode van toediening.
2. Hoeveelheid plaagdoder, tyd en metode van toediening.
3. Plant-, opkoms- en oesdatum.
4. Spasiëring, bruto en netto perseeloppervlaktes.
5. Maandelikse reënval (en besproeiing waar van toepassing).
6. Aantal dae vanaf plantdatum tot 50 % stuifmeelstorting (slegs navorsingstasies en proefplase).
7. Aantal dae vanaf plantdatum tot 50 % baardverskyning (slegs navorsingstasies en proefplase).
8. Aantal plante wat teen oestyd omgeval het (meer as 45 grade omlê).
9. Aantal plante per netto perseel.
10. Aantal spruite per netto perseel.
11. Aantal koppe per netto perseel.
12. Ongedorste kopmassa of graanmassa van alle persele oor al drie herhalings.
13. Gedorste graanmassa van Herhaling 1, indien kopmassa bepaal is.
14. Graanvogpersentasie.
17\. Addisionele waarnemings oor opmerklike en sinvolle genotipeverskille waar en wanneer dit voorkom.

Statistiese verwerking

Graanopbrengs was die enigste parameter wat statisties ontleed is. In die algemeen is ‘n AMMI analise gebruik om die aanpasbaarheid en stabiliteit van genotipes aan te dui vir verskillende omgewings. Die gekombineerde variansieanalise volgens die “Additive Mean Effective And Multiplicative Interaction (AMMI)” model is uitgevoer met die GENSTAT program (Tabel 1). Die “Principle Component

Interaction Analysis (IPCA)" van genotipes in die AMMI analise gee 'n aanduiding van die genotipe se stabiliteit oor verskillende omgewings. Hoe groter die IPCA-waarde, beide negatief of positief, hoe meer is 'n genotipe aangepas vir 'n spesifieke omgewing. Hoe nader die IPCA-waardes aan nul kom hoe meer stabiel is die genotipes vir al die omgewings waarin dit getoets is. AMMI Stabiliteits-Waardes (ASW) is die afstand vanaf nul in 'n tweedimensionele verspreidingsgrafiek van IPCA 1-waardes teenoor IPCA 2-waardes. Soos die ASW-waarde nader kom aan nul kan 'n spesifieke genotipe as meer stabiel geklassifiseer word vir omgewings. Addisionele beskrywings en informasie oor AMMI is beskikbaar in Aanhangsel A.

Statistiese prosedures wat normaalweg gebruik word om uitskieterproewe te identifiseer, is vir doeleindes van hierdie verslag wel toegepas. Sekere statistiese parameters is egter ook vir diagnostiese doeleindes gebruik aan die hand waarvan besluit is watter proewe liefs weggelaat moes word.

Diagnostiese parameters:

KV- Die Koëffisient van Variasie verwys na die fout van enkel persele en gee 'n aanduiding van die grootte van die variasie tussen perseelwaardes wat vanaf verskeie bronne afkomstig is. Die KV gee dus 'n aanduiding van die akkuraatheid van die perseelwaardes (grootte van die waarde). Bronne van variasie is byvoorbeeld grondvariasie (vrugbaarheid, diepte, grondvog, kleipersentasie, ongelykheid, ens) en plantvariasie (bevolkingsgrootte, oneweredige groei ens). Stremmingstoestande (vog, temperatuur, siektes, ens) het so dikwels tot gevolg dat normaalweg aanvaarbare grond- en plantvariasie baie sterker in die proefdata tot uiting kan kom en die KV vergroot. 'n Relatief hoë KV, wat aan hand van bekende bronne van variasie verklaar kan word, kan nie as die enigste parameter gebruik word om onbetroubare proefdata te identifiseer nie.

GKV- Die Genetiese Koëffisient van Variasie verwys na die verskille in genotype-opbrengs. Die GKV is dus 'n aanduiding van die variasiegrootte wat aan verskille in genetiese samestelling tussen genotypeinskrywings toegeskryf kan word. Hoë waardes kan die gevolg wees van siektevatbaarheid, groot verskille in rypwordingstadium, temperatuurgevoeligheid en soortgelyke afwykings. Dit word ook gebruik om uitskieterproewe te identifiseer.

tn- Genotipeherhaalbaarheid verwys na die herhaalbaarheid van genotypegemiddeldes en kan gedefinieer word as die verwantskap tussen die genotipe variansie en die totale variansie. Hierdie parameter is eintlik van waarde vir proewe waarvan die aantal herhalings nie dieselfde is nie.

t- Die Intraklas Korrelasie verwys na die herhaalbaarheid van perseelwaardes oor herhalings. Hoe groter die ooreenstemming tussen perseelwaardes oor herhalings vir elke genotipeinskrywing is, hoe nader sal "t" na 1.0 neig.

SF(t)- Die Standaard Fout van die Intraklas Korrelasie (t) gee 'n aanduiding van hoe akkuraat die skatting van "t" is.

t/SF(t)- Hierdie verhouding word as 'n belangrike parameter beskou daar die Intraklas Korrelasie (t) moet verkieslik minstens drie keer groter as sy foutterm moet wees. 'n Verhouding van kleiner as 3.0 dui aan dat die betrokke stel proefdata as minder betroubaar beskou kan word.

EENJARIGE RESULTATE

Proeflokaliteite

Lokaliteite, proefplasings en die besonderhede van medewerkers vir die 2009/2010 proefreeks verskyn in Tabel 2.

Lokaliteitsbeskrywing

Beskikbare inligting aangaande die grondbeskrywing met bemesting en ander relevante inligting oor verbouing verskyn in Tabel 3, reënval en besproeiing in Tabel 4.

Groeitoestande

Groeitoestande het verskil tussen lokaliteite en moet in ag geneem word wanneer resultate geïnterpreteer word. In die algemeen het bo-normale reënval voorgekom oor die somer produksiegebied van die land. Wydverspreide reën en donderstorms het voorgekom oor die sentrale en oostelike streke met swaar buie veral oor die noordelikeVrystaat,Gauteng en Noordwes wat gelei het tot vloede en versuiptoestande.

n' Goeie groeiseisoen is ondervind in meeste van die mielies produksiegebiede.

Groeitoestande verskil tussen lokaliteite en dit moet in ag geneem word wanneer die genotiperesultate vertolk word.

Standaard van proefuitvoering

Tydens proefbesoeke is vasgestel dat voorskriftelike prosedures oor die algemeen nagekom is en dat proefversorging aan die verwagtings voldoen het. Dataverwerking is vertraag deurdat proefdata in sommige gevalle nie in die voorgeskrewe vorm voorsien is nie. Resultate is dikwels ook onvolledig verskaf, wat die inligting onaanvaarbaar of onbetroubaar gemaak het.

Proefmislukkings

Die proewe by Wolmaranstad en Bultfontein (Link Seed), Koster D P1 en Koster D P2 (National Seed), Vilijoenskroon en Wesselsbron (K_2 Agri), is nie aangeplant nie of het misluk .

Statistiese diagnostiek

Volgens die statistiese parameters in Tabel 5 was die graanopbrengs van die proewe te, Warmbad (LP-DDLGO) nie vir statistiese verwerking en vir verdere opbrengsanalises aanvaarbaar nie.

Staanvermoë

Die gemiddelde totale persentasie omgevalde plante, dit sluit beide stambreek en wortelvrot in, word in Tabel 6 aangegee. Die groeiseisoenlengte (groeidae tot blom plus groeidae tot fisiologiese volwassenheid) en die afdrogingstempo van genotipes dra ook verder by tot omval. Genotipeverskille is vanselfsprekend in al die proewe waarneembaar en hierdie feite moet noodwendig aan omval gekoppel word.

Omval is nie statisties verwerk nie, maar die gemiddeldes in Tabel 6 kan 'n aanduiding gee van die staanvermoë van genotipes. Omdat die genotipes egter tot verskillende vogpersentasies uitgedroog het, is dit moeilik om gevolgtrekkings te maak. ‘n Lae graad van omval is vanjaar in die proewe waargeneem.

Spruitvorming

Die invloed van omgewingsfaktore soos onder andere grondvrugbaarheid, bemesting, vog, temperatuurtoestande, plantbevolking en plantspasiëring is sodanig dat die bydrae van elkeen by spruitvorming nie altyd duidelik is nie. Die gemiddelde persentasie spruitvorming van die genotipes word in Tabel 7 aangegee. Die gemiddelde persentasie spruitvorming wissel tussen 16.72 % by Koster e tot 53.20 % at by Coligny. Die wit genotipe IMP 51-11 (61.54%) en geel genotipe IMP 51-22 (53.55%) het die hoogste persentasie spruitvorming getoon

Meerkoppigheid

Enkelkoppigheid of meerkoppigheid by genotipes is ‘n eienskap wat ook deur 'n hele aantal omgewingsfaktore beïnvloed word en die 2007/2008 seisoen dui aan dat groeikondisies geskik was vir kopvorming (Table 8). Die hoogste gemiddeld vir koppe plant was gemeet by at Hoogekraal (2.49), terwyl die laagsre gemiddeld vir antal koppe gemeet is by Delareyville (1.34). Genotipes PAN 6Q-445B (2.59) en PAN 6Q-419B (2.47) her die hoogste meerkoppige voorkoms.

Graanvog

Die persentasie vog van die graan tydens oestyd word in Tabel 9 weergegee. Die graanvog saam met die groeiseisoenlengte van 'n genotipe kan 'n aanduiding gee van die afdrogingstempo van die spesifieke genotipe. Oor die algemeen was die graanvog redelik laag gewees. Die gemiddelde persentasie graanvog het gewissel van 9.66% by Leeudoringstad tot 17.24 % by Hoogekraa. Van die geel genotypes het Phb 32W72B (10.73%) en PAN 6Q-308B (13.15%) onderskeidelik die laagste en hoogste persentasie graanvog getoon terwyl PAN 4P-313B (11.36 %) en LS 8511 (15.17%) die ooreenstemmende wit genotipes was.

Die vogpersentasie van elke genotipe was geplot teenoor die opbrengs van elke genotipe en word aangedui in Figuur 2a & b. Vanuit die figuur kan produseerders aflei dat op grond van graanvogpersentasie, die genotipes geklassifiseer kan word as vroeë of laat groeiseisoen genotipes.

Graanopbrengs

Die opbrengspotensiaal en aanpassingsvermoë van genotipes in spesifieke omgewings bly die belangrikste maatstaf om genotipeprestasie te vergelyk. Omgewingstoestande verskil van jaar tot jaar en afleidings van genotipeprestasie vanaf een jaar se data is nie so betroubaar soos vanaf meerjarige data nie. Die gekombineerde variansieanalise (ANOVA) van die 50 genotipes oor 23 lokaliteite wat ontleed is volgens die AMMI 2 model word weergegee in Tabel 1. Die ANOVA dui op hoogs betekenisvolle verskille vir omgewings, genotipes en belangrik, genotipe x omgewingsinteraksies. Die IPCA 1 en IPCA 2 – waardes was ook hoogs betekenisvol. Tabel 10 toon die gemiddelde graanopbrengs aan van 50 mielie genotipes wat getoets is by 23 omgewings.

Die hoogste gemiddelde opbrengs van 9.51 t ha^{-1} is by Viljoenskroon aangeteken en die laagste by Delareyville (3.19 t ha^{-1}). Die geel genotipe wat die beste gevaar het was LS 8518 with 6met ‘n gemiddeld van 6.36 t ha^{-1} en die beste wit genotipe was PAN 6Q-445B met ‘n gemiddeld van 7.25 t ha^{-1} behaal het. Tabel 11 verteenwoordig data van die AMMI analise met die IPCA 1 en IPCA 2 – waardes vir die omgewings.

Tabel 12 toon die AMMI stabiliteitswaardes aan vir elke genotipe. Die mees stabiele geel genotipe was Phb 31D48B wat gevolg is deur PAN 6616. Die mees stabiele wit genotipes was LS 8513 wat gevolg is deur DKC 78-45BR. Tabel 13 dui die beste AMMI seleksies aan van genotipes in omgewings.

Gemiddelde waardes van eienskappe

‘n Samevatting van die gemiddelde waardes van alle eienskappe word in Tabel 14 weergegee.

INTRODUCTION

The annual results of 2009/2010 and the multi- seasonal results of 2007/2008,2008/09 and 2009/2010 series of National Cultivar Trials with commercially available maize genotypes are summarised in this report. The adaptability of commercial genotypes to a wide range of yield potentials is evaluated in these trials. Genotype entries consist of popular as well as newer commercial genotypes with the potential to become popular.

These results are indicative of genotype performance under specific environmental conditions occurring during a season. Results of more than one year, compiled from these trials, are more reliable and are more suitable for genotype recommendations than annual results.

RESEARCH PROCEDURE

Standard, and scientifically acceptable procedures were prescribed for the execution of this research programme. Co-workers were given a free hand to implement the most suitable cultivation practices in their areas in order to optimise yield and to create conditions of varying yield potential.

Trial design

A randomized Complete Block Design with three replicates to accommodate the 50 entries was used throughout. Each locality was allocated it's own trial randomisation which differs annually.

Genotype entries

The same 50 genotypes were used in all the trials and consisted of genotypes entered by the seed companies involved. Seed company entries are in order of priority. Where too many entries were received the final genotype choice was made through negotiations with each seed company.

Plot size and spacing

A standard of 40 plants per net plot was prescribed throughout whereas the choice of plant population (plants ha^{-1}), row widths and spacing was left to the discretion of the co-workers. A number of 22 plants in each of two plant rows per gross plot was recommended for row widths less than 1.5 m, while a number of 42 plants in a single plant row per gross plot was recommended for row widths of 1.5 m and greater.

Border rows were only prescribed for the perimeter of the trial and no border rows were required between plots. One boundary plant had to be removed from each end of the plant row at harvest.

Soil and fertilization

Soil types normally used for maize production were used where possible. Choosing specific soil conditions for specific trial purposes also incorporated differences in production potentials. Fertilizer applications were not prescribed but applied according to soil fertility and maize yield potential of that area.

Planting date

Accepted planting dates for successful maize production in the area involved were recommended.

Planting and harvesting methods

Trials were mechanically or manually planted (two or more seeds per hill) and thinned out as soon as the seedlings were strong enough. Trials were mechanically or hand harvested.

Pest control

The use of suitable herbicides and insecticides were freely allowed as effective pest control, weed and insects, was required. Use of suitable systemic soil insecticides were also allowed. The use of pesticides was required to be reported.

Disease

Co-workers were requested to report the incidence of any diseases immediately to ensure that the necessary follow-up and data collecting could be done. Natural infection of any disease should be severe enough to give genotype reaction and differences. A disease infestation of more than 10.0 % is used as a guideline.

Observations

The following information and observations are requested each year:

1. Fertilizer quantity, time and method of application.
2. Pesticide quantity, time and method of application.
3. Planting, plant emergence and harvesting dates.
4. Spacing, gross and net plot size.
5. Monthly rainfall (and irrigation where applicable).
6. Number of days from planting date to 50 % pollen shed (where possible).
7. Number of days from planting date to 50 % silking (where possible).
8. Number of plants lodged (leaning more than 45 degrees) at harvest.
9. Number of plants per net plot.
10. Number of tillers per net plot.
11. Number of ears per net plot.
12. Ear mass or grain mass of all plots of all three replications.
13. Grain mass of Replication 1, if ear mass was measured.
14. Grain moisture percentage.
15. Additional observations, for example the amount of rotted ears or other noticeable and meaningful genotype differences.

Statistical analysis

Grain yield was the only parameter statistically analyzed. In general, an AMMI analysis was used to indicate the adaptability and stability of genotypes for different environments. The combined analysis of variance according to the Additive Mean Effects And Multiplicative Interaction (AMMI) model was preformed using the GENSTAT Package (Table1).

AMMI Stability Value (ASV) is the distance from zero in a two dimensional scatter-gram of IPCA 1 scores against IPCA 2 scores.

As the ASV nearing zero the genotype can be considered more stable for the environments. Additional explanations and information about AMMI are available in Appendix A

Statistical procedures normally used to identify and exclude outlier trials from the AMMI model were used for the purposes of this report. Certain statistical parameters (diagnostic parameters) were also used to help in the selection of trials for presentation.

The diagnostic parameters were as follows:

CV- The coefficient of variation - this parameter relates to the error of a single plot, and as such relates to the variability as induced by soil variation or plant population i.e. the larger the variation the larger the CV. Stress conditions (moisture, temperature, diseases, etc.) result in acceptable soil variation to be more pronounced in trials and a higher CV is recorded. The CV on its own cannot be used as a parameter to discard trials.

GCV- The genetic coefficient of variation - this parameter relates to the yield differential between the highest and lowest entry yield, relative to the trial mean i.e. the greater the difference between the extreme values, the larger the GCV. High values are indicative of disease sensitivity, differences in maturity stage, temperature sensitivity and like problems.

tn - Repeatability of genotype mean yield - relates to the repeatability of entry means, and can be defined as the relationship of genetic variance of observed means. In genotype trials this parameter is useful only when the number of replications between trials varies, otherwise the t-value is sufficient.

t - The repeatability of plot yield or intra class correlation coefficient - relates to the repeatability of plot means over replications, and is interpreted as is the normal correlation coefficient, i.e. the greater the concurrence of plot values per entry over replications the closer “t” will strive towards unity. The standard error calculated for a particular t-value indicates the accuracy of the estimate of “t”

SE (t) - Standard Error of the Intraclass Correlation (t) denotes how accurate the estimation of "t" is.

t/ SE (t) - This relationship is considered an important parameter as the Inter Class Correlation

(t) should be at least three times greater than it's error term. A relationship of less than 3.0 denotes low reliability.

SINGEL SEASONAL RESULTS

Trial localities

Localities, trial placements and co-worker particulars for the 2009/2010 trial series appear in Table 2

Locality descriptions

Avialable information about fertilization and other relevant cultivation information appear in Table 3, rainfall and irrigation in Table 4 and chemical pest control in Table 5.

Growing conditions

Growing conditions differed between localities and this must be taken into consideration when interpreting results. In general, above-normal rainfall occurred over the entire summer production area of the country. Widespread rain and thundershowers occurred over the central and eastern parts with heavy falls especially over the northern Free State, Gauteng and North West which cased flooding and water logging condition in those areas.

A good growing season was experienced in most of the maize production area.

Growing conditions differed between localities and this must be taken into account, when interpreting results.

Standard of trial execution

Visits to trials confirmed that prescribed procedures were followed and that trials were satisfactorily carried out. Data processing was delayed as some of the trial data was not in the prescribed format or incomplete, which made it unacceptable or unreliable.

Trial failures

The trials at Wolmaranstad and Bultfontein (Link seeds), Koster D P1 and Koster D P2 (National Seed), Vilijoenskroon and Wesselsbron (K_2 Agri) were not planted or failed during the season.

Statistical diagnostics

According to the statistical parameters in Table 5 the grain yield of the trial at Warmbad (LP-DDLGO) were unacceptable for statistical and yield analysis.

Stand ability

The mean total percentages of lodged plants, which include both stalk and root lodging, appear in Table 6. The length of the growing season (days to flowering plus days to physiological maturity) and the rate of drying of the genotypes also have an effect on lodging and must be borne in mind. Genotype differences were noted and must be kept in mind.

Lodging was not statistically analysed, but the means in Table 6 give an indication of the stand ability of the genotypes. It is, however, difficult to make any conclusions as the genotypes dried out to different moisture percentages. Lodging was observed to be low in all the trials.

Tillering

The influence of environmental factors like soil fertility, fertilization, moisture, temperature conditions, plant population and plant spacing is such that their contribution to the occurrence of tillering is not clear. The mean percentage tillering is presented in Table 7. The mean percentage of tillering ranged from 16.72 % at Koster to 53.20 % at Coligny. The white genotype IMP 51-11 (61.54%) and the yellow genotype IMP 51-22 (53.55 %) had the highest percentage tillering.

Prolificacy

A number of environmental conditions affect prolificacy in maize. Results for the 2009/2010 season indicate that growing conditions were favourable for ear development (Table 8**)**. The highest mean for ears per plant was recorded at Hoogekraal (2.49), while the lowest mean number of ears was recorded Delareyville (1.34). Genotypes PAN 6Q-445B (2.59) and PAN 6Q-419B (2.47) had the highest prolificacy incidence.

Grain moisture

The percentage moisture of the grain at harvest is presented in Table 9**.** The grain moisture together with the growing season length of a genotype can give an indication of the genotype's drying rate. The recorded grain moisture tended to be low. The mean percentage grain moisture recorded varied between 9.66 % for Leeudoringstad and 17.24 % at Hoogekraal. The yellow genotypes Phb 32W72B (10.73%) and PAN 6Q-308B (13.15%) had the lowest and highest grain moisture percentages respectively, while PAN 4P-313B (11.36%) and LS 8511 (15.17%) were the white counterparts. The moisture perecentage of each hybrid was plotted with the yield of each hybrid were shown in figure number 2a & 2b, from that figure the producers will be able to classified the hybrids according to the moisture percentage if it is late or early growing season hybrids.

Yield

The yield potential and adaptability of genotypes in specific environments are the most important criteria for measuring genotype performance. Environmental conditions differ from year to year, thus more reliable conclusions can be drawn from multi-seasonal data than from just one year's data. The combined analysis of variance (ANOVA) of the 50 genotypes over 25 environments, according to the AMMI 2 model are presented in Table 1. The ANOVA indicated highly significant differences for environments, genotypes and importantly, genotype X environment interaction. The IPCA 1 and IPCA 2 scores were also highly significant. Table 10 shows the mean grain yield of 50 maize genotypes tested at 25 environments.

The highest mean yield recorded was at Viljoenskroon (9.51 t ha^{-1}) and the lowest at Delareyville (3.19 t ha^{-1}). The yellow genotype that produced the highest mean yield was LS 8518 with 6.36 t ha^{-1} and the highest yielding white genotypes was PAN 6Q-445BWith a mean yield of 7.25 t ha^{-1}. Table 11 presents data of the AMMI analysis with the IPCA1 and IPCA2 scores for the environments.

Table 12 represents the AMMI stability values for each genotype. The most stable yellow genotype was Phb 31D48B followed by PAN 6616 and the most stable white genotypes were LS 8513 followed by DKC 78-45BR. Table (13) indicates the best AMMI selections of genotype per environment.

Mean values for all characteristics.

The mean values for all characteristics for which data were collected are presented in Table 14.

MEERJARIG PROEWE

INLEIDING

Resultate van, 2006/2007, 2007/2008 en 2005/2006 Nasionale Kultivar Proefreekse met mielies, is in hierdie verslag saamgevat. Hierdie meerjarige genotiperesultate is aanduidend van genotipeprestasie onder die spesifieke omgewingstoestande wat in die betrokke drie jaar ondervind is. Genotipe aanbevelings sal vir soortgelyke groeitoestande geldig wees.

NAVORSINGSPROSEDURE

Standaard en wetenskaplik erkende prosedures en waarnemings wat vir die navorsingsprogram voorgeskryf is, word in die jaarverslae beskryf en word dus nie herhaal nie. Slegs daardie prosedures wat gewysig is of spesifiek op hierdie meerjarige verslag van toepassing is, word aangehaal.

Genotipevergelyking

'n Regverdigbare genotipe vergelykingsnorm het tot gevolg dat slegs daardie genotipes wat elke jaar sedert 2006/2007 in die Nasionale Genotipeproewe met mielie genotipe ingeskryf is, in die verslag opgeneem kon word. Nuwe belowende genotipes of ander genotipes wat slegs vir een of twee van die drie jare in die proewe voorgekom het, is nie in hierdie verslag opgeneem nie. Meerjarige resultate van 21 genotipes word aangebied.

Die gemiddeld van al die genotipes oor al die lokaliteite word as 'n standaard genotipe vergelykingsnorm gebruik in die AMMI-analises.

Statistiese verwerking en diagnostiek

Graanopbrengs was die enigste parameter wat statisties ontleed is. In die algemeen is ‘n AMMI analise gebruik om die aanpasbaarheid en stabiliteit van genotipes aan te dui vir verskillende omgewings. Die gekombineerde variansieanalise volgens die “Additive Mean Effective And Multiplicative Interaction (AMMI)” model is uitgevoer met die GENSTAT program (Tabel 15).

Die “Principle Component Interaction Analysis (IPCA)” van genotipes in die AMMI analise gee ‘n aanduiding van die genotipe se stabiliteit oor verskillende omgewings. Hoe groter die IPCA-waarde, beide negatief of positief, hoe meer is ‘n genotipe aangepas vir ‘n spesifieke omgewing. Hoe nader die IPCA-waardes aan nul kom hoe meer stabiel is die genotipes vir al die omgewings waarin dit getoets is. AMMI Stabiliteits-Waardes (ASW) is die afstand vanaf nul in ‘n tweedimensionele verspreidingsgrafiek van IPCA 1-waardes teenoor IPCA 2-waardes. Soos die ASW-waarde nader kom aan nul kan ‘n spesifieke genotipe as meer stabiel geklassifiseer word vir omgewings. Addisionele beskrywings en informasie oor AMMI is beskikbaar in Aanhangsel A.

Die proewe wat gebruik is vir die multi-seisoenale vergelyking is daardie wat voldoen aan die voorvereistes van diagnostiese parameters en die toets vir uitskieters gedurende elk van die drie jaar.

RESULTATE

Groeitoestande

Dit is belangrik dat die groeitoestande wat gedurende die 2006/2007, 2007/2008 en 2009/2010 seisoene geheers het, deeglik in ag geneem word by die interpretasie van die resultate. Dit sal verhoed dat onregverdige genotipe uitsprake gemaak word.

Staanvermoë

Omval is as gevolg van die teenwoordigheid van stam- en wortelvrotsiektes sowel as oorsake wat nie met 'n swak stam verband hou nie, 'n gekompliseerde aspek. Die groeiseisoenlengte (groeidae tot blom plus groeidae tot fisiologiese volwassenheid) en die afdrogingstempo van genotipe dra ook by tot omval. Die genotipe droog egter tot verskillende vogpersentasies af, en duidelike gevolgtrekkings is moeilik om te maak. Min seisoensverskille het voorgekom volgens die omvalpersentasies van die 21 genotipes in Tabel 16**.** Meer omval het in die 2007/08 seisoen voorgekom as in sie ander twee seisoen en verskille tussen gentopies is waarneem baar.

Spruitvorming

‘n Hoë mate van spruitvorming het by van die 21 genotipes oor die drie seisoene voorgekom (Tabel 17). Dit kan die gevolg wees van die vele faktore soos grondvrugbaarheid, bemesting, vog, temperatuurtoestande, plantbevolking en plantspasiëring wat spruitvorming kan beïnvloed. Genotipeverskille kan tog tot 'n mate waargeneem word.

Kopvermoë

Enkelkoppigheid of meerkoppigheid by genotipe is eienskappe wat ook deur 'n hele aantal omgewingsfaktore beïnvloed word. Die aantal koppe per plant in Tabel 18 toon geringe variasie tussen genotipes en seisoene aan.

Graanvogpersentasie

Die gemiddelde persentasie vog van die graan tydens oestyd, word in Tabel 19 weergegee. Die graanvog saam met die groeiseisoenlengte van 'n genotipe kan 'n aanduiding gee van die pitvullings- en afdrogingstempo van 'n spesifieke genotipe. Figuur 2 dui die verhouding aan tussen vogpersentasie en graanopbrengs vir die 21 genotipes wat getoets is, oor ‘n periode van drie jaar. Produsente kan van die figuur aflei watter genotipes is vroeë of laat fisiologiese ryp genotipes.

Graanopbrengs

Die opbrengspotensiaal en aanpassingsvermoë van genotipe in spesifieke omgewings bly die belangrikste maatstaf om genotipeprestasie te vergelyk. Omgewingstoestande verskil van jaar tot jaar asook van lokaliteit tot lokaliteit, en afleidings van genotipeprestasie vanaf een jaar se data is nie so betroubaar soos vanaf meerjarige data nie. Die gekombineerde variansieanalise (ANOVA) van die 21 genotipes oor 70 lokaliteite wat ontleed is volgens die AMMI 2 model word weergegee in Tabel 15. Die ANOVA dui op hoogs betekenisvolle verskille vir omgewings, genotipes en belangrik, genotipe x omgewingsinteraksies. Die IPCA 1 en IPCA 2 – waardes was ook hoogs betekenisvol. Tabel 20 toon die gemiddelde graanopbrengs aan van 21 mielie genotipes wat getoets is by 70 omgewings.

Die hoogste gemiddelde opbrengs van 11.72 t ha^{-1} is by Hoogekraal 08 aangeteken en die laagste by Lichtenburg 08 (2.51 t ha^{-1}). Die geel genotipe wat die beste gevaar het was PAN 6Q-308B met ‘n gemiddeld van 6.33 t ha^{-1} en die beste wit genotipe was Phb 30Y79B wat ‘n gemiddeld van 6.69 t ha^{-1} behaal het. Tabel 21 verteenwoordig data van die AMMI analise met die IPCA 1 en IPCA 2 – waardes vir die omgewings.

Tabel 22 verteenwoordig die AMMI stabiliteitswaardes vir elke genotipe. Die mees stabiele geel genotipe was PAN 6Q-308B en die mees stabiele wit genotipe DKC 77-61B. Tabel 23 dui die beste AMMI genotipe seleksies aan per omgewing.

Gemiddelde waardes

Die samevatting van die gemiddelde waardes verskyn in Tabel 24 vir gerieflike gebruik.

Vrywaring

Die opsteller van die dokument en enige ander bron/instansie/persoon verantwoordelik vir enige inligting genoem in hierdie dokument is na die beste wete van die opstellers korrek met druktyd. Die inligting is ontwikkel deur wetenskaplike prosesse en word in goeder trou aangebied. Enige persoon/instansie wat hierdie inligting gebruik doen dit op eie risiko en die opstellers of enige ander party sal onder geen omstandighede verantwoordelik gehou kan word vir enige verliese gelei deur enige persoon/instansie wat die inligting in hierdie dokument gebruik nie.

MULTISEASONAL TRIALS

INTRODUCTION

Results of 2006/2007, 2007/2008 and 2009/2010 National Cultivar Trial series with maize are summarised in this report. These multi-seasonal results are indicative of genotype performance under specific environmental conditions experienced during the relevant three years. Genotype recommendations will be valid for similar growing conditions.

RESEARCH PROCEDURE

Standard and scientifically acceptable procedures were prescribed for this research programme and are described in the annual reports and are therefore not repeated. Only those procedures that were adapted or are specifically applicable to this multi-seasonal report are mentioned.

Genotype comparison

To obtain fair genotype comparison only genotypes that were entered in the National Cultivar Trials with maize since 2006/2007 were included in this report. Promising new genotypes and other genotypes that were included in one or two of the three years were not included in this report. Multi-seasonal results of 21 genotypes are presented.

The mean of all genotypes over all localities is used as standard genotype comparison in the AMMI model analysis.

Statistical analysis and diagnostics

The grain yield data were statistically analysed and is presented in the form of AMMI model analysis which was used to indicate the adaptability and stability of genotypes for different environments. The combined analysis of variance according to the Additive Mean Effects and Multiplicative Interaction (AMMI) model was preformed using the GENSTAT Package (Table 15).

The Principle Component Interaction Analysis (IPCA) of genotypes in the AMMI analysis is an indication of the stability of a genotype over environments. The greater the IPCA scores, either negative or positive, the more specifically adapted a genotype is to a certain environment. The closer IPCA scores approach zero the more stable the genotype is over all environments sampled.

AMMI Stability Value (ASV) is the distance from zero in a two dimensional scatter-gram of IPCA 1 scores against IPCA 2 scores. As the ASV nearing zero the genotype can be considered more stable for the environments. Additional explanations and information about AMMI were available in Appendix A

The trials that are used for this multi-seasonal comparison are those that fulfilled the requirements of the diagnostic parameters and the test for outliers during each of the three years.

RESULTS

Growing conditions

It is most important that the growing conditions that prevailed during the 2006/2007, 2007/2008 and 2009/2010 seasons, are taken into account thoroughly in the interpretation of the results. This will prevent incorrect genotype comparisons.

Stand ability

The stand ability of genotypes is an important characteristic, but is often caused by moisture stress and the incidence of stalk and root rot and stalk borer damage, that genotype differences can very often not be directly linked to the genotype itself. The length of growing season (growing days to flowering, plus growing days to physiological maturity) and the rate of drying of genotypes, can contribute to lodging. Genotypes dried out to various moisture percentages and clear conclusions are difficult to draw. Significant lodging can also occur during times of drought. Relatively high seasonal differences did occur according to the results on mean percentage lodging of the 21 genotypes over three years as given in Table 16.

More lodging occurred during 2007/2008 than in the other season and differences between genotypes were noticeable.

Tillering

A high degree of tillering occurred amongst the 21 genotypes. Factors such as soil fertility, fertilization, moisture, temperature during the season, plant population, plant spacing and the genotype, determine the amount of tillers produced.

The mean percentage tillering of the genotypes over three years is given in Table 17 where genotype differences can be noted.

Prolificacy

The number of ears produced per plant can be determined by a number of environmental conditions, but is also a characteristic of the genotype. The mean number of ears per plant of the genotypes over 3 years is given in Table 18.

Grain moisture percentage

